SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONAAL | NATIONAL
saou@saou.co.za t: 012 436 0900 www.saou.co.za

Reg No: LR2/6/2/531

# MEDIAVERKLARING

VRYGESTEL OP 04 AUGUSTUS 2026

EMBARGO: GEEN

## HOU SEKSUELE OORTREDERS UIT ONDERWYS UIT

Die SAOU ondersteun die hofbevel wat teen die Departement van Basiese Onderwys uitgereik is wat verplig dat alle opvoedkundige personeel wat kontak met leerders het, teen die Kinderbeskermingsregister geverifieer moet word.

Bewerings van seksuele wangedrag deur opvoeders dui op ernstige uitdagings in die Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Die Gautengse Hoër Hof het 'n skikkingsooreenkoms oorgeskakel na 'n opdrag van die hof. Hierdie opdrag verplig die Departement van Basiese Onderwys en die Provinsiale Onderwys Departemente om alle individue wat met kinders werk, teen die KBR te verifieer en hierdie proses moet teen 31 Maart 2027 gefinaliseer wees.

Die SAOU wys daarop dat die gebrek aan kapasiteit van polisie stasies en die Departement van Justisie leerders ook in gevaar stel. Hierdie proses van verifikasie van individue, behoort ook die klem op verbetering van sistemiese uitdagings te plaas. Die onvermoë van 'n stelsel om oortreders te ondersoek en te vervolg, lei tot seksuele oortredingsake wat vir lang periodes uitgestel word.

Die proses van die verifikasie behoort ook uitgebrei te word na opvoeders wat die openbare onderwysstelsel verlaat maar na ander provinsies of privaat onderwysstelsels skuif.

Befondsing vir voorkomende programme behoort ook voorop gestel te word, saam met die beskikbaarheid van emosionele ondersteuning strukture op skoolvlak, sowel as genoegsame maatskaplike werkers. Beide skole en gemeenskappe moet kollektiewe verantwoordelikheid neem vir hierdie groeiende probleem.

Die beste belang van die kind is die boublok vir die onderwysstelsel. Opvoeders word opgelei om skole as veilige ruimtes te beskerm, waar die fokus veral val op onderrig en leer.

Die SAOU verwerp die optrede van enige onderwyser wat skuldig bevind word aan seksuele misdrywe en ondersteun daarom die besluit van die hof om te verseker dat opvoeders en personeel wat met kinders werk nie op die Kinderbeskermingsregister gelys is nie.

FEDUSA
t: 012 436 0900 | 086 072 6843 f: 012 348 9658 e: saou@saou.co.za w: www.saou.co.za
PO BOX/POSBUS 90120, GARSFONTEIN, PTA, 0042 | 278 SERENESTRAAT/SERENE STREET, GARSFONTEIN, PTA
REG NO: LR2/6/2/531